

Maandelikse gemeentebrief Julie 2019

Winter

Dis alweer winter. Ek is nou maar net nie 'n wintermens nie. Ek het as kind reeds nie van die koue gehou nie en die tyd omgewens. Noudat ek ouer is, is winter 'n baie spesifieke tyd in my lewe. Dis Pretweek, wat ek reël en bestuur en daarna is dit tyd om kop en hart skoon te maak.

Wat beteken dit vir my? Wel, ek maak elke dag vir minstens 'n week lank tyd om weer te *connect*. Om doelbewus dinge te verwerk en aandag te gee aan belangrike dinge wat weens ander verpligtinge laer op my prioriteitslys beland het. Ek maak tyd om te bid oor dinge in my lewe. Ek ontleed my gevoelens, besluit wat ek daaromtrent kan en gaan doen en beweeg dan doelbewus aan.

Nie almal het so 'n eenvoudige benadering nie en nie almal het dit nodig nie. Vir my is dit belangrik omdat ek dan tyd maak om rustig oor my geestelike groei en ander dinge te dink. Dis 'n bietjie soos om te snoei in jou tuin, sodat jy gereed is vir lente!

Een oggend met Pretweek, so tussen die gespeel en lag deur, voel ek 'n klein handjie in myne. 'n Dogtertjie van seker so ses jaar oud kyk skaam na my en vra: "Kan ek vir jou ietsie sê?" "Natuurlik!" is my spontane reaksie en ek sak af op my hurke om haar beter te hoor. "Jy is baie mooi", sê sy dan. Ek wil nog stry, maar die woorde bly in my keel agter en sy is reeds weer op pad na die springkasteel. Ek wonder die hele dag oor haar woorde. Wat het sy gedink is mooi aan my? My oë? Dalk die rooi lipstiffie vanoggend? Ek is nie skraal nie; lyk nie soos 'n model nie... en so hou ek aan om dinge te soek wat ek nie is nie. Ek bêre haar woorde diep in my hart.

Noudat ek 'n rustige tydjie het haal ek haar woorde en die omstandighede waarin sy dit gesê het uit en bedink dit van alle kante. Dit was 'n besondere dag vir my, want die adrenalien het gevloei en die vroegoggend-saamsing saam met die kinders was heerlik. Ek was opgewonde, die dag het voorgelê. Is dit dalk wat sy raakgesien het? My gemotiveerdheid om die dag op 'n hoë noot tegemoet te gaan? Dalk my entoesiasme? Miskien alles saam. Sy was skaam en moes moed bymekaarskraap vir daardie kompliment en as ek woorde kon uitkry, sou dit hopelik net 'n "dankie!" gewees het.

Hoe dikwels komplimenteer iemand jou, en is jou antwoord negatief? Ons het 'n manier om te probeer om die teendeel te bewys as ons 'n kompliment kry. Gelukkig kon ek op daardie oomblik nie een negatiewe woord uitkry nie!

Aan die ander kant is ons is soms net so skaam om komplimente uit te deel. Dis makliker om te kla oor die koue koffie in die restaurant as om die lekker kos te waardeer. Dis makliker om jou op te werk oor verkeer in die oggend as om dankbaar te wees vir die een persoon wat jou voorkeur gee by die verkeerslig. "Miskien moet ek ook meer fokus op dankbaarheid", besluit ek.

Ek wonder weer oor die woordjie "mooi". Daar en dan besef ek, daar is net een rede waarom ek "mooi" kan wees. **Omdat God my so gemaak het.** Jy mag dalk dink dat dit 'n maklike antwoord is, maar dis veral as ek met die tieners gesels dat ek besef hoe belangrik dit is om dit te weet en te glo. So baie mense, nie net tieners nie, kyk vas in die gesig en lyf in die

spieël en besluit dat hulle minder aantreklik is. Ek dink aan die Engelse spreekwoord: “Beauty is in the eye of the beholder”. Deur wie se oë kyk jy na jouself? En deur wie se oë kyk jy na die wêreld?

Ek hoop ek kan deur Jesus se oë kyk. Wat het Hy raakgesien? Maar meer nog, wat het Hy daaraan gedoen? Die skaamte van die vrou by die put – wat Hy vrygespreek het. Die hartseer oor Lasarus – wat getroos is soos net Hy kon. Die sondebeseft van die man aan die kruis – wat kwytsekelding gekry het. Ons sonde – waarvan ons nou verlos is.

Dis met diepe dankbaarheid dat ek kyk na die winterwêreld om my. Die wintertyd, wat my 'n kansie gee om te reflekteer oor dinge. Winter is nie vir my mooi nie, maar hou tog sy eie bekoring in. Dis 'n ander mooi as somertyd, net soos elke mens 'n verskillende mooi in hom of haar het. Ek neem nog 'n besluit: om my met mooi dinge te omring in die wintertye van my lewe.

Ek skraap die ryp van my motor se ruite af en ry na die ouetehuis in Roodepoort. Tyd om vir mooi mense te gaan kuier.

Groete

Ilze de Villiers, Jeugkoördineerder